



Molopo

'n Gemeente terug na die NHKA?

Dit klink so vreemd op die oor. En tog is dit wat die afgelope 14 dae gebeur het.

Gedurende 2012 het die gemeentes Donegal en Bray reeds te kenne gegee dat hulle nie meer deel van die Stella kombinasie wou wees in die beroep wat uitgebring moes word nie (*juis oor die standpunt wat Stella en Goede Hoop toe reeds ingeneem het oor besluit 54/69*). Tog het hulle eers deel gebly en is ek na die kombinasie beroep. Vanuit die staanspoor was dit egter duidelik dat die charismatiese invloed reeds sterk in die een gemeente ingedring het vanuit die aartappelboer se teologie en 'n strek aanhang by 70% van die lidmate hieraan het dit duidelik ook laat blyk.

In die gemeente Molopo met sy 10 lidmate in totaal was dit van die staanspoor af 'n finansiële oorlewingskrisis wat hulle in die gesig gestaar het. Kort voor my aankoms in die kombinasie het 3 gesinne uit die gemeente verhuis na Namibië. Vier van die 10 lidmate woon ook tans in Botswana en moet 80 tot 100km kerk toe ry oor 'n grenspos, en later weer terug, na die dorpie Bray.

In 2013 het dit vir my duidelik geword dat ek nie langer in die NHKA welkom is nie en het verskeie faktore aanleiding gegee daartoe dat ek in Januarie 2014 bedank het as werknemer van die NHKA. 'n Kort bewoorde brief sou as antwoord hierop summier my ampstatus wegneem en, ook vir dubbele sekerheid, daarmee saam my lidmaatskap van die NHKA.

Hierdie besluit het die gemeente Donegal geleentheid gebied om uit die Stella kombinasie te tree met hulle 19 lidmate daarmee saam. Want die kerk kon nie soveel verander het nie? Daar kon nie soveel fout wees met die NHKA se teologie en die rigting waarin dit gaan nie! Dit word verduidelik deur die opmerking van 'n lidmaat wat tydens 'n geleentheid sou opmerk. " Dit kan nie waar wees dat daar NHKA gemeentes is wat die kelkie tydens nagmaal

gebruik nie." Iewers het die ver afstande en afgesonderdheid van die Kalahari ook sy ingeboude beskerming teen aanslae vanuit die politiek en ook in die kerk. Maar ook maar net tydelik.

Tydens 'n gemeente vergadering het die gemeente Molopo met al 10 lidmate teenwoordig 100% saamgestem dat selfstandigwording die beste opsie sou wees en ook die beste beskerming sou wees teen teologiese skeeftrekkinge en die eiendomme sou beveilig word. Hierdie stigtings akte van die vereniging en registrasie vorms by SAID lê heelwaarskynlik steeds in 'n vergete laai op Bray.

Per geleentheid het Prof HG van der Westhuizen ook hier gepreek en het die gemeente bly bestaan ten spyte van 'n weerstand teen die 14:30 eredienstye. Die 3 ander gemeentes in die nuwe kombinasie, waarin die selfstandige gemeente Vryburg bygekom het, was bereid om die bediening in Molopo gemeente te help bekostig. Uiteindelik sou die gemeente Molopo nie die ongeveer R2750.00 kon bybring sodat die nagenoeg 500km vir die tweeweekliks erediens afgelê kon word en die versorging van die standplaas verseker kon word nie en was hulle reeds 2 maande agterstallig op die kombinasie bydrae teen Julie 2014.

In hierdie tyd het die gemeente 'n oproep van die finansiële afdeling van die NHKA ontvang waarop hulle versoek is om hul agterstallige heffing aan die NHKA kerkkantoor te betaal. Ten spyte van hul selfstandigwording. (*dit sou later blyk dat ander gemeentes se saakgelastigdes ook gekontak is met dieselfde versoek.*)

Die skriba en ouderling het hierop genoem dat die gemeente nie die fondse het om dit te doen nie. En die koeël was spreekwoordelik deur die kerk. Hierdie oproep is gou gevolg deur 'n oproep uit die administratiewe kantoor van die NHKA en op slinkse wyse is die gemeente aangespoor om 'n geheime gemeentevergadering te reël. Selfs nadat 'n vorige gemeente vergadering besluit het om die

NHKA geleentheid te gee om hulself te verduidelik en dat 'n afgevaardigde vanuit die Geloofsbond OOK geleentheid gegun sou word om ons kant te stel.

Huisbesoek is summier in die wiele gery en 'n "SMS" boodskap aan my is gestuur dat daar nie verder eredienste sou wees tot verdere kennisgewing nie. Oproepe is onbeantwoord gelaat selfs vanaf die Skriba van die Stella Kombinasie.

En dit was ook so. 'n Twyfelende gemeente, en een van die laastes tot dusver wat hul selfstandigheid verklaar het, het ook die enigste gemeente geword in die Kalahari wat hul weer aan die NHKA blootgestel het.

Die gebeure sou net bevestig wat ons reeds weet. 'n Onwettige gemeentevergadering wat onwettig belê is en waarvan die regmatige voorsitter nie eers bewus was nie is gehou en 'n ongebalanseerde weergawe vanuit die spreker het die gemeente geswaai.

Gekoppel aan die finansiële krisis waarin die gemeente is en die onwilligheid om om 14:30 eredienste te hou het uiteindelik die gemeente laat swig.

'n Subsidie wat gewillig deur die 3 ander gemeentes nl. Goede Hoop, Stella en Vryburg aan die Stella kombinasie bygedra is ter wille van die gemeente Molopo is in die wind geslaan.

Uiteindelik staan ons verstom dat 'n gemeente sou terug tree en tog het dit gebeur.

Alles is egter nie soos dit lyk nie. Intussen het lidmate van die Herv. kerk en ook ander denominasies te kenne gegee dat hulle steeds meer wil hoor en is bereid om eredienste te reël in Botswana self en gaan die bediening voort alhoewel in 'n ander gestalte. Voortvloeiend uit die besoek van dr Dreyer is die vooruitsig van 'n huisgemeente in Botswana se suidwestelike gedeelte en ook andere versoeke tot gemeente stigting elders in die Noord Kaap.

Hiervan vertel ek meer in 'n latere opvolg van die artikel

Ds Arno Nieuwhof